Met die Gees in ons
Handelinge 1:8
Les 14: 29 Mei 2022

Eie verantwoordelikheid
'n Vuvuzela of iets anders wat geraas maak

Sal voorsien word
'n Ballon vir elke kind
Prent met ballone op
Rooi kolle

Hallo al die maaitjies. Ek is so bly om julle almal hier te sien. Maar voordat ons begin gesels en stories vertel moet ons eers almal mooi kom sit. Ons sit by God. God is hier by ons. Kom ons begin saam deur eers te bid vir God.
Is daar iemand wat wil bid vir ons?
(Gee een of twee kinders geleentheid om te bid. Nadat die kinders gebid het kan jy bid.)

Hartjietyd:

- Wie van julle hou daarvan om te verjaar?
- En wanneer verjaar die kerk? (Die kerk se verjaarsdag noem ons Pinkster. Pinkster vertel vir ons die storie toe die Kerk gebore is en God sy Gees vir die mense gegee het.)

Die Heilige Gees is altyd by ons. Hy help ons. Hy troos ons, hy lei ons en hy leer ons van Jesus.

Ogiestyd:

Jesus is gekruisig, hy het dood gegaan en op die 3de dag het hy opgestaan uit die dood! 40 Dae na Jesus opgestaan het uit die dood het hy opgevaar na die hemel op 'n wolk. En presies 10 dae later het Jesus die Heilige Gees gestuur, soos hy belowe het!

Al die dissipels was bymekaar in 'n huis in Jerusalem besig om te bid. Ewe skielik het daar 'n daar 'n geluid uit die hemel soos 'n groot stormwind ingekom by die huis en dit het die hele kamer gevul waar hulle gesit het. En dis nie al nie...!
Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.
Almal is met die Heilige Gees vervul. Die Heilige Gees het in hulle kom woon en hulle net daar uitgestuur in die strate in om vir almal die storie van Jesus te vertel. Hulle moes getuies wees.

Oretyd:

'n Getuie is iemand wat vir ander van Jesus vertel. Kom ek verduidelik hoe dit werk. Dit is soos hierdie vuvuzela. As dit net daar op die tafel lê beteken dit niks nie. Iemand moet die vuvuzela blaas sodat dit 'n geluid kan maak. (Wys vir die kinders).

My asem is die krag wat die vuvuzela laat raas. Net so gee die Heilige Ges vir ons krag om sy getuie te kan wees. Partykeer is dit vir ons moeilik of ons raak bang, maar dan sal die Heilige Gees vir ons krag gee.

Handjietyd:

- Deel vir elke kind 'n ballon uit en laat hulle dit probeer opblaas. Die ouers kan help as nodig.
- Deel vir elke kind 'n prent uit en rooi kolle. Hulle kan die kolle in die Ballonne plak.

Dit is hoe die Heilige Gees ook werk. Sy krag is soos jou asem wat die ballon opblaas en jou laat beweeg om sy getuie te wees.

Kom ons BID saam:

"Heilige Gees, dankie dat ek krag ontvang om vir Jesus 'n getuie te wees. Amen"